

**Dinsdag 9 April**

**Skrifgedeelte: Lukas 9:18-36**

**Fokusgedeelte: Lukas 9:18-22  
(1983-vertaling)**

### **Jesus Christus is die Verlosser**

In die Ou Testament lees ons van Josua wat die volk die land Kanaän inlei. Die naam Josua beteken “die Here red”. Toe Jesus, die Nuwe-Testamentiese Josua, na die aarde gekom het, word Hy ook genoem Jesus, die Redder.

Wanneer Jesus sy dissipels vra wat die mense oor Hom sê, kry Hy verskillende antwoorde. Lukas sê nie waar Jesus hierdie vraag vra nie. Matteus noem wel dat dit in die omgewing van Sesarea-Filippi was (Matt. 16:13). Hier het baie heidene en nie-Jode gewoon en is talle afgode aanbid. Te midde van die baie afgodsbeelde bely Petrus: “Die Gesalfde van God.” Gesalfde, Messias, Christus. So word Hy aan ons bekendgestel. Die gedeelte oor die verheerliking op die berg bevestig dit. God die Vader sê ook dat Jesus sy Seun is, wat Hy uitverkies het.

Teenoor Jesus, die Christus, kan jy nie neutraal staan nie. Of jy bely Hom as jou Here en Verlosser en volg Hom, of jy verwerp Hom. Daarom word ons Christene genoem, omdat ons Jesus as Here volg.

Wanneer Jesus hierdie vraag vra, word die kruis al sigbaar. Hy sê self dat Hy baie sal ly, doodgemaak sal word, en op die derde dag sal opstaan. Dat die Messias moes ly en sterf, was in stryd met die verwagting van die Jode. Hulle wou ’n aardse koning op die troon van Dawid hê. Daarom sou hulle Jesus verwerp en deur die Romeine laat kruisig.

Verwag die mense van vandag ’n “verlosser” of “verlossing” wat hulle rykdom, roem en mag sal gee? Wanneer Jesus jou roep om Hom te volg, roep Hy jou om te kom sterf. Sterf aan jouself en jou eie belange. Volg Jesus dus ter wille van die Koninkryk van God.

Wie sê jy is Jesus?

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-4*

*Ds. JF Mouton (Koos) (Potchefstroom-Moorivier)*